Min of Justice
Evans

DRINGEND
URGENT

Ontvang op 22/11/63
FC190/1/4/2/10

3/50/180.

20 NOV 1963

GEHEIM.

DIE SEKRETARIS/MINISTER.

VERTOË : DAVID LLYN EVANS.

1. Groep (c) beperkings is op 28 Oktober 1963 op bogenoemde beteken.

2.1 Evans berig dat hy as "copywriter" in diens is van 'n Advertensie-agentskap, J. Walter Thompson Company van Aliwalstraat, Durban. Sy betrekking behels die bewoording van advertensies wat deur sy werkgewer, namens kliënte, in nuusblaaie en tydskrifte dwarsdeur die land geplaas word. Dit is die enigste beroep wat hy ken en hy vra gevolglik vergunning om daarmee voort te gaan. (Dit is nodig omdat advertensies wat hy opgestel het waarskynlik as geskrifte van hom bestempel kan word. Verspreiding daarvan is dus verbode).

2.2 Evans doen verder aansoek om die volgende uitsonderings op die beperkings wat teen hom van krag is -

(a) Toestemming om met sy swaer, T.V.R. Beard, van die Rhodes Universiteit, Grahamstad, in verbinding te tree in verband met familiesake. Hy meld dat sy skoonmoeder bejaard en sieklik is. Dit en ander sake wat af en toe opduik maak korrespondensie met Beard noodsaaklik.

(b) Toestemming om private kunsklasse een keer per week by te woon. Die klasse, waarvoor hy reeds vooruit betaal het, staan buite die politiek.

2.3 Evans vra ook vergunning om by die Smithstraatse Polisiestasie in plaas van die Umbilo Polisiestasie aan te meld. (28.10.63

2/...

3. Kompol beveel aan dat Evans sy beroep kan bly beoefen en by dieselfde firma bly werk, met dien verstande dat hy hom uitsluitlik bepaal by advertensies met 'n kommersiële strekkin Voorts beveel hy aan dat die kennisgewing ingevolge artikel 10quat(1) so gewysig word dat Evans by die Durban Sentraal Polisiestasie (Smithstraat) aanmeld instede van by die Umbilo Polisiestasie.

Die versoeke om met Beard in verbinding te tree en om kunsklasse by te woon word teengestaan. Die kunsklasse waarva Evans melding maak is "niks anders nie as 'n broeines van onhe en byeenkomste van linksgesindes". (13.11.63).

4. Die moontlikheid dat Evans deur middel van die betrekkin wat hy tans beklee linksgesinde bedrywighede sal bevorder, is so gering dat dit verontagsaam kan word. Daar bestaan geen rede waarom sy eggenote nie die korrespondensie in verband met die familiesake kan behartig nie - sy is boonop die persoon wa skynbaar meer belang daarby sal hê as Evans self. Ondervindin in die verlede het geleer dat linksgesindes allerlei skynbaar onskuldige organisasies uitbuit om te propageer. Die Departement is dus van mening dat Evans maar sy kunsklasse moet laat vaar. Kompol se aanbeveling word dus gesteun.

5. Indien die Minister goedkeur, sal 'n gepaste skrywe aan die Landdros van Durban aan wie die versoek in die eerste plek gerig is, gestuur word.

6. 'n Gewysigde artikel 10quat(1) kennisgewing is in die omslag vir die Minister om te onderteken asseblief, indien hy goedkeur.

SK 18/11/63

19.11.63. 19.11.63

20.11.63

20.11.63

DIE SEKRETARIS.

Goedgekeur. Kennisgewing geteken.

21/11/63

MINISTER.

Kennisgewing in my teenwoordigheid geteken.

MINISTER VAN JUSTISIE
21-11-1963